basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2019**

**VRYSTAAT**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by **meervoudigekeuse-vrae**.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • (In) 1932<br>• (In) Negentien twee en dertig<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.2 | • Sangeres/Sy het gesing.<br>• Aktrise/Sy het in rolprente opgetree.<br>• Sy het vir mense omgegee.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.3 | • C<br>• goed was vir die mense van Afrika en vir die beeld van Afrika.<br>• C goed was vir die mense van Afrika en vir die beeld van Afrika.<br>(*Enige EEN)* | 1 |
| 1.4 | "Daardie jare was baie Suid-Afrikaners brandarm."<br>*(Kandidaat word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.)* | 1 |
| 1.5 | • (Sy het) onwettig bier gemaak/verkoop.<br>• Sy het 'n sjebien bedryf.<br>(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.6 | Sy was 18 dae oud/'n pap baba toe sy saam met haar ma tronk toe moes gaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.7 | (Haar) ouma | 1 |
| 1.8 | • Kwêla<br>• Marabi<br>• Afrika-jazz<br>• Orkesmusiek<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.9 | • Alle rasse kon daar (in vrede) saambly.<br>• Op ander plekke in SA kon mense van verskillende rasse nie soos in Sophiatown saambly nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | Miriam het eers (saam met haar ma) huise skoongemaak.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11.1 | • B<br>• … Cuban Brothers<br>• B Cuban Brothers<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.11.2 | • D<br>• … Manhattan Brothers<br>• D Manhattan Brothers<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.3 | • E<br>• … *Come back Africa*<br>• E *Come back Africa*<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.4 | • C<br>• … *King Kong*<br>• C *King Kong*<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.12 | • Baie vroue wou soos sy lyk.<br>• Baie vroue wou/het haar haarstyl na(ge)boots.<br>• Baie vroue wou/het hul hare soos sy (ge)dra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13 | anders | 1 |
| 1.14 | • Sy het oorsee getoer.<br>• Sy het in buitelandse/Amerikaanse flieks gespeel.<br>• Sy het 'n toekenning in Venesië ontvang.<br>• Sy is na 'n optrede in Italië oorlede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15 | • Sy en Hugh Masekela is geskei.<br>• Sy het 'n ongelukkige/onsuksesvolle huwelik gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.16 | "iemand wat vir mense omgegee het"<br>*(Kandidaat word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.)* | 1 |
| 1.17.1 | hart(aanval) | 1 |
| 1.17.2 | Italië | 1 |
| 1.18 | Miriam se lewe het baie moeilik begin/verlede was moeilik, maar sy het tog 'n sukses van haar lewe gemaak.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19 | Nelson Mandela en Miriam Makeba kon mense inspireer/hoop gee.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

## TEKS B: VISUELE TEKS

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | *7de Laan* | 1 |
| 1.21 | (Dis 'n) fliek | 1 |
| 1.22 | vroeër | 1 |
| 1.23 | • 'n Sjef maak/werk met kos.<br>• 'n Sjef wat kosmaak, dra gewoonlik so 'n hoed.<br>• Die prent dui aan waaroor die program handel.<br>• Die prent verduidelik die titel van die program.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • A<br>• gemaak is.<br>• A gemaak is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.25 | • Nuus (Xitsonga/Tshivenda)<br>• Die nuus in Xitsonga en Tshivenda<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**VRAAG 2: WAAROM DIT GOED VIR JOU IS OM AAN SPORT DEEL TE NEEM**
[Verwerk uit www.MMA-TX.Org]

| | **TEKS** | **VERWAGTE ANTWOORD** |
|---|---|---|
| 1. | As jy aan sport deelneem, voel jy gewoonlik **gesonder**. | Sport hou jou gesond. |
| 2. | Fisiese aktiwiteite kan help as jy met jou **gewig** sukkel. | Jy sal nie met jou gewig sukkel nie./ Sport help jou om jou gewig te beheer. |
| 3. | As jy aan sport deelneem, kan jy daarop staatmaak dat jy beter b**reinkrag** sal hê. | Sport verhoog jou breinkrag. |
| 4. | Sport **wys jou hoe om in 'n span te kan saamwerk.** | Jy leer om saam met ander te werk. |
| 5. | Jy sal **nuwe vriende maak** as jy aan sport deelneem. | Jy maak nuwe vriende. |
| 6. | Sport sal jou leer om jou **tyd beter te bestuur**. | Jy sal leer om jou tyd (beter) te bestuur. |
| 7. | Sport is dus goed, want dit leer jou om **volgens reëls te leef.** | Jy leer om volgens reëls te leef. |
| | **GETAL WOORDE = 202 woorde (± 200 woorde – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 49 WOORDE (50–60/65 MAKSIMUM)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
    - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
    - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
    - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | splinternuut | 1 |
| 3.2 | Oefen jy hard? | 1 |
| 3.3 | (die) beste | 1 |
| 3.4.1 | manipulerende | 1 |
| 3.4.2 | • jou<br>• jy<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.5 | aktie**we** | 1 |
| 3.6 | • Daar is nie 'n vrou/dame/meisie/dogter in die prent nie.<br>• Daar is net 'n man in die prent.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7 | hart**jie** | 1 |
| 3.8 | vel | 1 |
| 3.9 | vertrou | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

## VRAAG 4: SPOTPRENT

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | as | 1 |
| 4.2 | nie van die haarstyl gaan hou nie | 1 |
| 4.3 | bekommerd | 1 |
| 4.4 | Elton Jantjies is jonk, fiks en 'n rolmodel. | 1 |
| 4.5 | haarkapster | 1 |
| 4.6 | Die haarkapper vra: "Kosie, hoe moet ek jou hare sny?" | 1 |
| 4.7 | goeie maniere het | 1 |
| 4.8 | wat | 1 |
| 4.9 | Kosie se hare **word deur** die haarkapper **gesny.** | 1 |
| 4.10 | • A<br>• daar kwaai baklei gaan word.<br>• A daar kwaai baklei gaan word.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 5.1: LEESSTUK**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | jare | 1 |
| 5.1.2 | • dr.<br>• Dr.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.3 | Sy is lief vir kinders; daarom **wou** sy 'n onderwyseres word.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.4 | • hoof/Hoof<br>• skoolhoof/Skoolhoof<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.5 | vak**ke** | 1 |
| 5.1.6 | • Ma was die wasgoed./Ek was my hande. *(met water of vloeistof skoonmaak)*<br>• Al my sokkies is in die was. *(wasgoed)*<br>• Die kers/bye se was is op die tafel./Ek het was in my ore. *(vetterige stof)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.1.7 | jonger | 1 |
| 5.1.8 | • Avril het **nie** 'n klas gemis **nie**.<br>• Avril het geen klas gemis nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.9 | • Na baie harde werk **het** sy haar onderwysdiploma **ontvang**.<br>• Sy **het** haar onderwysdiploma na baie harde werk **ontvang**.<br>• Sy **het**, na baie harde werk, haar onderwysdiploma **ontvang**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.10 | • goeie<br>• beter<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.11 | op | 1 |
| 5.1.12 | (Sy het gewys dat harde werk 'n mens kan help) **om** jou passie **te** volg. | 1 |
| 5.1.13 | ken | 1 |
| 5.1.14 | klein – kind<br>*(Enige sinvolle manier om lettergrepe aan te dui)* | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | deurmekaar | 1 |
| 5.2.2 | biblioteek/mediasentrum | 1 |
| 5.2.3 | klere | 1 |
| 5.2.4 | winter | 1 |
| 5.2.5 | • warm<br>• vuurwarm<br>• stomend<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.6 | Die meisie lê <u>elke middag</u> <u>lekker</u> <u>op haar bed.</u> | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE*** **– Charles Fryer**

## VRAAG 6

### VERHAAL A: 'ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK' – Abraham H de Vries

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • (Vir) Barrydale (se span)<br>• Vir die opponente<br>• Die span teen wie Rooikoos geskree het/teen wie Rooikoos se span gespeel het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.2 | • Barrydale se spelers het voor die wedstryd kantien toe gegaan om iets te eet.<br>• Daar het 'n rusie tussen Rooikoos en die Barrydalers uitgebreek.<br>• Die hoteleienaar op Rooikoos se dorp het gekeer dat die manne mekaar slaan.<br>• Rooikoos het gedreig dat hy die middag by die rugby sou wees. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.3 | • C<br>• 'n vergelyking.<br>• C 'n vergelyking.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.4 | • Hy het die losskakeltjie ontsenu/laat skrik toe skop hy mis.<br>• Die losskakeltjie het die bal uitgeskop/die strafskop misgeskop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.5 | verras | 1 |
| 6.6 | Hulle het vir hom baie drankies gekoop. | 1 |
| 6.7 | • C<br>• daar altyd gevolge vir 'n mens se optrede is.<br>• C daar altyd gevolge vir 'n mens se optrede is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.8 | • (Die) kelner<br>• Rooikoos het nie die kelner herken nie.<br>• (Die) kamer<br>• Rooikoos het gesien die kamer lyk anders as sy eie kamer.<br>• (Die) uitsig<br>• Toe hy by die venster uitkyk, het hy 'n appelboord (en nie die stadsaal nie) gesien.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.9 | • Hulle het Rooikoos in 'n hotelkamer gelos./nie sommer net op straat gelos nie.<br>• Hulle het vir 'n hotelkamer betaal sodat hulle Rooikoos daar kon los.<br>• Hulle het Rooikoos toegemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | • Hy het gesorg dat Rooikoos 'n plek het om te bly.<br>• Hy het gesorg dat Rooikoos kos kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.11 | • Dit versterk die idee dat Rooikoos ontsteld was.<br>• Dit beklemtoon die feit dat Rooikoos wou weet wie hy is.<br>• Dit maak dat ons die storie kan glo.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.12.1 | • C<br>• Hy het in die hotel gewoon, dat hy nie ver na die kroeg hoef te loop nie.<br>• C Hy het in die hotel gewoon dat hy nie ver na die kroeg hoef te loop nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.12.2 | • A<br>• Dit was die een woord op die ander en later so by appelswaai.<br>• A Dit was die een woord op die ander en later so by appelswaai.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.12.3 | • E<br>• 'n Vreemde kelner het vir Rooikoos koffie gebring.<br>• E 'n Vreemde kelner het vir Rooikoos koffie gebring.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.12.4 | • B<br>• Die trane het oor Rooikoos se wange geloop omdat daar niemand was met wie hy kon praat nie.<br>• B Die trane het oor Rooikoos se wange geloop omdat daar niemand was met wie hy kon praat nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.13 | Aan die einde van die verhaal het Rooikoos ...<br>• nie geweet wie hy is nie.<br>• homself nie herken nie.<br>• na homself gesoek.<br>• op 'n ander dorp/Barrydale wakker geword.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **(20)** |

## VERHAAL B: 'MY BROER SE KRAAI' – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | (In die) veld | 1 |
| 6.15 | • C<br>• gevoel het die opgetelde kraai is sý kraai.<br>• C gevoel het die opgetelde kraai is sý kraai.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.16 | konflik *(conflict)* | 1 |
| 6.17 | • Die kraai het kruppel geloop./Sy **voet** het gebloei.<br>• Die kraai se **snawel** was stomp.<br>• Die kraai se (een) **vlerk** het gebloei.<br>• Die kraai se **vere** was min/yl/bederf.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.18 | Die kraai ...<br>• was 'n wilde dier.<br>• wou vry wees.<br>• wou probeer ontsnap/het nie van die hok gehou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19.1 | • D<br>• Hy het vir hom 'n hok gemaak en hy het hom gevoer.<br>• D Hy het vir hom 'n hok gemaak en hy het hom gevoer.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.2 | • E<br>• Hy het drie dae lank probeer om die kraai iets te laat eet.<br>• E Hy het drie dae lank probeer om die kraai iets te laat eet.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.3 | • A<br>• Hy het die kraai teen sy wang probeer vasdruk.<br>• A Hy het die kraai teen sy wang probeer vasdruk.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.4 | • B<br>• Hy het die kraai losgelaat.<br>• B Hy het die kraai losgelaat.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.20 | • Die verteller het die broer gevra om die kraai los te laat.<br>• Die broer het die kraai se hek oopgemaak.<br>• Die kraai het tussen die bome verdwyn.<br>• Die broer het nie weer na die hok toe gegaan nie. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.21 | 3/drie dae | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.22 | • D<br>• baie bly<br>• D baie bly<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23 | Die kraai het ...<br>• homself nie weer so beseer nie.<br>• uit eie wil in die hok ingegaan.<br>• net tekere gegaan as daar nie kos en water in sy hok was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.24 | • Die hele gesin het vir die broer gesê om die kraai los te laat.<br>• Die gesin het die kraai se hok begin vermy toe hy swaarkry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.25 | • Hy het gesien hoe ongelukkig die broer was omdat die kraai so aggressief teenoor hom was/nie in die hok wou wees nie.<br>• Niks wat die broer gedoen het, het die kraai se gedrag verander nie.<br>• Die kraai het die broer seergemaak.<br>• Daar is ander voëls wat makliker mak gemaak kan word/beter troeteldiere maak.<br>• Hy was lief vir sy broer en wou nie sien dat sy broer so hartseer oor die kraai was nie.<br>• Die kraai sou doodgegaan het in die hok.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.26 | • Moenie wilde/diere in hokke aanhou nie.<br>• Wanneer 'n dier/voël gesond is, moet dit weer vrygelaat word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **(20)** |

**OF**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: 'LEUENS' – C M van den Heever**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | • (Die plek) waar sy bly<br>• (Die werk) wat haar man doen<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br>1 |
| 7.2 | • Die waarheid kom altyd uit.<br>• Olga kon aan haar klere sien dat sy nie baie geld het nie.<br>• Wanneer die waarheid uitkom, gaan sy nog meer verneder word.<br>• As jy eers een leuen vertel, moet jy later nog leuens vertel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.3 | Naomi se man ...<br>• was werkloos.<br>• is afgedank/is gevra om te bedank.<br>• kon nie 'n werk behou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.4 | • B<br>• personifikasie.<br>• B personifikasie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.5 | Nee.<br>In haar vriendin se geselskap het sy ...<br>• menssku/skaam/verbouereerd/oorweldig/lomp gevoel.<br>• sleg gevoel oor al die bedrog.<br>• op haar lippe gebyt om die trane terug te hou.<br>• haarself verag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6 | voorkoms *(appearance)* | 1 |
| 7.7 | • Naomi het met die trem en die bus Saxonwold toe gery.<br>• Olga se diensmeisie het haar by die voordeur ontvang.<br>• Naomi en Olga het saam verversings geniet.<br>• Olga het vir Naomi in Westcliff afgelaai. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.8 | • (Met) sosiale werk<br>• Om klere onder (Vrededorp se) arm mense uit te deel<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.9 | Naomi se besoek aan Olga het Naomi laat besef dat ...<br>• dinge tussen haar en Olga nooit weer dieselfde sou wees nie.<br>• haar vriendskap met Olga vir ewig verby was.<br>• sy en Olga in twee aparte wêrelde gewoon het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.10 | • Alles wat Naomi vir Olga vertel het, was leuens.<br>• Naomi se nuwe verhouding met Olga was op leuens gebou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.11.1 | • B<br>• Sy het gehoop vir 'n beter lewe.<br>• B Sy het gehoop vir 'n beter lewe.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.11.2 | • A<br>• Sy wou nie hê mense moet haar jammer kry nie.<br>• A Sy wou nie hê mense moet haar jammer kry nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.11.3 | • D<br>• Sy het sleg gevoel oor al haar leuens.<br>• D Sy het sleg gevoel oor al haar leuens.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.11.4 | • C<br>• Sy het uiteindelik haar omstandighede aanvaar.<br>• C Sy het uiteindelik haar omstandighede aanvaar.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.12 | • D<br>• eerlik omtrent haar omstandighede moet wees.<br>• D eerlik omtrent haar omstandighede moet wees.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.13 | Sy moes ...<br><br>• nie die uitnodiging aanvaar het nie.<br>• die afspraak gekanselleer het.<br>• van die begin af eerlik op Olga se vrae geantwoord het.<br>• nie leuens oor haar lewe/omstandighede/man/huis vertel het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: 'TANT NELIE SE VEERPLUIME' – Henriette Grové**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT |
|---|---|---|
| 7.14 | • Tant Nelie se veerpluime het (weer) die eerste prys gekry.<br>• Kit se terte het nie gewen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.15 | • B<br>• vinnig<br>• B vinnig<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.16 | (Tant Nelie se) veerpluimresep | 1 |
| 7.17 | geskok | 1 |
| 7.18 | • Kit het van Peet verwag om eers iets vir haar te doen voordat sy met hom sou trou.<br>• Kit sou met Peet trou op voorwaarde dat hy iets vir haar doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.19 | • Peet het vir sy ma gevra om met tant Nelie te gaan praat.<br>• Peet het vir tant Nelie gevra om die resepteboek aan hom te verkoop.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.20 | • Sy het Peet gehelp om te steel.<br>• Sy het van haar tante gesteel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.21 | • Peet het Ursula halfnege die aand naby tant Nelie se huis ontmoet.<br>• Peet het die kers vasgehou terwyl Ursula die goed uit die kis gepak het.<br>• Peet het besef dat tant Nelie die boek vir Ursula gebêre het.<br>• Tant Nelie het gesê dat Peet die boek vir Kit kon gee. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.22 | • Tant Nelie was teleurgesteld omdat Peet en Ursula teen haar wense gegaan het.<br>• Tant Nelie het lank geneem voordat sy iets gesê het<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.23 | • D<br>• ... oneerlik moet wees om iemand anders tevrede te stel nie.<br>• D ... oneerlik moet wees om iemand anders tevrede te stel nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.24 | • Aan die einde het Peet nie met Kit getrou nie.<br>• Nadat Peet vir Kit die resepteboek gegee het, het hy besef dat hy 'n fout gemaak het.<br>• Peet het na Ursula toe gegaan/met Ursula getrou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.25.1 | • C<br>• ... het besef dat dit nooit te laat is om 'n fout reg te stel nie.<br>• C ... het besef dat dit nooit te laat is om 'n fout reg te stel nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.25.2 | • A<br>• ... was bereid om iets verkeerds te doen net om iemand anders te help.<br>A ... was bereid om iets verkeerds te doen net om iemand anders te help.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.25.3 | • E<br>• ... sou enige iets doen om die beste te wees.<br>E ... sou enige iets doen om die beste te wees.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.25.4 | • B<br>• ... het waarde aan familiegoed geheg.<br>• B ... het waarde aan familiegoed geheg.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.26 | • Ursula het 'n mooier persoonlikheid as Kit gehad.<br>• Ursula was opreg lief vir hom.<br>• Ursula was 'n standvastiger/meer betroubare vrou as Kit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| |
|---|
| **SUBTOTAAL [20]** |

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 | (Sy) gemeenskapsdiens/straf | 1 |
| 8.1.2 | 'goor'<br>'sirkus'<br>*(Kandidaat word nie gepenaliseer indien aanhalingstekens weggelaat word nie.)* | 1 |
| 8.1.3 | • (Hy moes) stalle uithark/skoonmaak.<br>• (Hy moes) vars strooi in die stalle sit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2 | • Lucky het geweier om te gaan kyk.<br>• Lucky het aangegaan om die stalle skoon te maak.<br>• Lucky het gesê dankie, maar nee dankie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.3 | • Kinders wat in rolstoele is.<br>• Downsindroom-kinders.<br>• Kinders met breinskade/wat in 'n ongeluk was.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.4 | Lucky het gedink dis net ryk mense se (bedorwe) kinders/'spoilt brats' wat ryskool toe kom.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.5 | Hy het geleer dat ...<br>• dit nie net ryk mense/kinders is wat perdry nie.<br>• gestremde kinders ook perdry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.6 | • D<br>• gefrustreerd en ongelukkig by die ryskool is.<br>• D gefrustreerd en ongelukkig by die ryskool is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.7 | • Hy was besig op sy foon in plaas van om te werk.<br>• Hy wou nie luister om sy foon weg te sit nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.8 | • Wilma het net probeer goed doen.<br>• Lucky het die reëls oortree en daarom kon hy nie dink dat Wilma lelik met hom was nie.<br>• Jy mag nie so van ouer mense praat nie./Jy moet ouer mense respekteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.9.1 | • D<br>• Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink.<br>• D Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.9.2 | • B<br>• Grace het in 'n gat getrap.<br>• B Grace het in 'n gat getrap.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.9.3 | • A<br>• Wilma het vir ure by haar perd gelê.<br>• A Wilma het vir ure by haar perd gelê.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.9.4 | • C<br>• Wilma het die ryskool begin.<br>• C Wilma het die ryskool begin.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.10 | • Die ryskool het Lucky geleer dat ...<br>○ daar ander mense was wat ook swaarkry/probleme het.<br>○ al die idees wat hy omtrent ryk mense gehad het, nie waar was nie.<br>○ hy nie sommer kon sê wat hy wou nie/moes dink voor hy praat.<br>○ hy die beste van sy omstandighede moes maak.<br>○ hy baie dinge het om voor dankbaar te wees.<br>• Lucky het geleer om dissipline te aanvaar.<br>• Lucky se aggressiewe/ongeduldige houding het verander.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.11 | Sy het haar kop geskud. | 1 |
| 8.12 | Hy dink hulle ry met 'n viertrekvoertuig/4x4/'four by four' | 1 |
| 8.13.1 | hondjie | 1 |
| 8.13.2 | draadhek | 1 |
| 8.13.3 | arms | 1 |
| 8.13.4 | lyf | 1 |
| 8.14 | die kamer was vol rook. | 1 |
| 8.15 | • Lucky wou na foto's van Dukie op Binki se foon kyk.<br>• Binki en Lucky het gestoei om besit van Binki se foon.<br>• Lucky het per ongeluk Binki se mou afgeskeur.<br>• Binki het vir Lucky haar letsels gewys. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 8.16.1 | • Sy was ontsteld.<br>• Sy het begin huil.<br>• Sy het by Kaizer se stal ingehardloop.<br>• Sy het probeer om haar een kaal arm met haar ander arm toe te hou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.16.2 | • Sy was skaam vir die letsels.<br>• Sy het gedink dat haar ma/ander vir haar gril.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.17.1 | geskok | 1 |
| 8.17.2 | sensitief | 1 |
| 8.18.1 | • Dat sy Binki nie die langnaweek gaan kom haal nie.<br>• Dat sy weer die naweek gaan werk.<br>• Dat sy weer te besig is om saam met Binki te kuier.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.18.2 | teleurgesteld | 1 |
| 8.18.3 | • Sy het afgeskeep gevoel.<br>• Sy het gevoel dat haar ma nie omgee vir haar nie.<br>• Sy het gevoel dat haar ma haar sleg behandel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.19 | Lucky | 1 |
| 8.20 | • Sabrina het Binki net by die ryskool gaan 'bêre'.<br>• Sabrina het Binki min/party naweke gaan haal.<br>• Sabrina het vir Binki gegril.<br>• Sabrina se vriende was vir haar belangriker as Binki.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.21 | • Binki trek haar bloes uit sodat haar arms kaal is.<br>• Binki hardloop sonder haar bloes.<br>• Binki hardloop met kaal arms.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.22 | Ja.<br>• Daar is mense/diere by die ryskool wat vir haar omgee.<br>• Wilma het haar gehelp om nie meer bang vir die perde te wees nie.<br>• Lucky het Binki gehelp om nie meer skaam vir haar letsels te wees nie.<br>• Wilma het vir haar 'n plek gegee om te bly/waar sy gelukkig is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.23 | • Gestremde kinders het by haar ryskool terapie ontvang.<br>• Die ryskool was vir Binki 'n veilige/gelukkige blyplek.<br>• Lucky het goeie lewenslesse by die ryskool geleer.<br>• Die ryskool het ongelukkige kinders geleer om weer geluk te vind.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.24 | • B<br>• perde kan help om mense te genees.<br>• B perde kan help om mense te genees.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | **[40]** |
| | **TOTAAL AFDELING D:**<br>**GROOTTOTAAL:** | **40**<br>**120** |

Kopiereg voorbehou